BYLAAG

Noordelike Sinode

Taakspan Teologiese Opleiding

Verslag aan die Moderatuur/SDR

1. **Opdrag:** Om ‘n ondersoek te doen na die wenslikheid van ‘n eie Teologiese Seminarium vir die kerk se predikante opleiding/toerusting en ‘n moontlike pad vorentoe t.o.v. daarvan.

2. **Taakspanlede:** Die Taakspan is/was saamgestel uit die volgende lede. Ds Marius Cornelissen (taakspanleier), Prof Willie van Heerden, Dr Nelius Steyn, Dr Willem Boshoff en Ds Petrus Kriel. Ds Paul Grobler het soms adviserend ingesit.

UITVOERING VAN OPDRAG

3. **Werkswyse.** Die taakspan het die saak deeglik beredeneer en ook gekyk na verskeie alternatiewe opsie(s) tussen die huidige stelsel en ‘n volledige eie Seminarium (soos voorgestel. In die proses het die taakspan gekyk na ons eie situasie van teologiese opleiding, na wat ons suster-kerke in Nederland en België doen en ‘n kwantitatiewe analise gemaak t.o.v. heersende getalle en kostes. Die taakspan het op grond van die analise besluit om sekere inligting as agtergrond aan die SDR deur te gee en die SDR te voorsien van ‘n moontlike alternatief tussen die status quo en ‘n eie Seminarium en aanbevelings te maak t.o.v. verdere ondersoek(e) en gesprek. Hier het ons meestal gekyk na die voordele en nadele t.o.v.:

3.1 die huidige (status quo),
3.2 ‘n eie seminarium
3.3 ‘n hubris model tussen bogenoemde twee moontlikhede.

OPSOMMING VAN HUIDIGE STANDPUNTE

4. Kommer t.o.v. die huidige situasie. In die nadenke en gesprek het die volgende as kommerwekkend t.o.v. die huidige situasie na vore gekom:

4.1 ‘n Kwynende aantal NG dosente aan ons fakulteite.
4.2 ‘n Kwynende Gereformeerde in/aanslag/indentiteit van die fakulteite.
4.3 Dat Fakulteite nie meer die volle behoefte t.o.v. voorbereiding van NG Kerk leraars (kan) aanspreek nie (vakrigtings/departemente word gekombineer, elektiewe keuses van aanbieding of elektiewe bywoning van vakgebiede, ens.)

4.4 Die las op dosente t.o.v. kerk-eie opleiding plus genoegsame ruimte daarvoor teenoor die akademiese verwagtinge van die Universiteit.

4.5 Dat die huidige kerk-eie opleiding naas teologiese opleiding dalk nie ons studente genoegsaam vir die bediening voorberei nie.

4.6 Die afwesigheid van ‘n deurlopende en gesamentlike NG Kerk etos tussen afstuderende studente.

4.7 Opleiding van studente hoofsaaklik in ‘n taal waarin hul meestal nie gaan bedien nie.

5. Belangrik vir teologiese opleiding. Die volgende is geïdentifiseer as baie belangrik vir die voorbereiding van ons studente:

5.1 Die suiwerheid van ons Gereformeerde teologiese opleiding..

5.2 Die belangrikheid van kruisbestuiwing van ons studente met ander kerke en dosente van ander kerke.

5.3 Die belangrikheid van eie dosente aan Teologiese Fakulteite en hulle blootstelling beide plaaslik as internasionaal.

5.4 Die sosiale vorming van ons studente op ‘n breër kampus.

5.5 Die belangrikheid van kerk-eie vorming en -afronding - as leraars van die kerk - naas goeie teologiese opleiding en blootstelling.

5.6 Dat hoë akademiese en teologiese standaarde ten alle tye gehandhaaf moet word en dat alle opleiding daarom ge-akkrediteer moet kan word (SAQA).

5.7 Dat daar geleenthede moet wees vir verdere opleiding (kwalifikasies) in beide teologiese- as predikante-opleiding.

5.8 Dat daar goeie integrasie tussen teorie, praxis en dit wat die kerk van hulle leraars verwag, moet wees.

6. Opleiding by susters-kerke. Daar is ook gekyk na wat ons familie-kerke in ons stamlande doen t.o.v. die teologiese en kerklike voorbereiding van hulle leraars. Die volgende is gevind (sien meer volledige opmerkings in Aanhansel A).

6.1 Nederland

6.1.1 In Nederland kan leraars vir die kerk (PKN) net kwalifiseer as hulle hul opleiding by Protestantse Teologiese fakulteite voltooi (Teologiese Hogeschole).

6.1.2 Die PKN het ook ‘n eie Akademie wat voortgesette opleiding van leraars en ander kerklike personeel hanteer.

6.2 België

6.2.1 In België is daar en word daar twee opleidings instansies erken

- Teologiese Fakulteite van Protestantse Staats-universiteite, en

- ‘n Eie Opleidings Fakulteit wat ten volle geakkrediteer is as ‘n Opleidingsinstansie en (Protestanse) Teologiese opleiding op alle vlakke (B, M en D vlak) aanbied (FPTR- Faculteit voor Protestantse Theologie).

NB 1. Daar bestaan gereelde uitruiling van dosente tussen bogenoemde twee opleidings groeperings.

NB 2. Daar word op M-vlak ‘n onderskeid gemaak tussen voortgesette Teologiese- of Predikantsopleiding.

7. Eie situasie by fakulteite. Hier is bloot kwantitatief gekyk na die situasie by ons drie fakulteite:

7.1 Tans het die kerk 50% van alle dosente met 18% van alle studente. Beslis ‘n voordelige situasie.

7.1.1 Studente (sonder nagraads): US=60; UP=63; UOVS=45

7.1.2 NG Dosente: US=12; UP=13 (9x poste verskans); UOVS=11

7.1.3 Dosente vir kerk-eie opleiding: US=3, UP=2, UOVS=1

7.2 Kostes. Die Kerk betaal vir 6 kerk-eie poste. By UP betaal kerk ook vir 30% van die huidige 9 verskanste poste (dus +- 3 volposte).

8. ‘n Alternatiewe opsie (Gekombineerde model): In die beredenering het die Taakspan ook besef dat daar nie net na die twee opsies gekyk moet word (die huidige situasie (3 x fakulteite) versus ‘n eie Seminarium) nie, maar dat daar ook na ‘n alternatief van ten minste ‘n derde opsie gekyk moet word, nl. “’n Gekombineerde (Hibrus) model”. Dit sal ons insiens die moontlikheid bied om beide die kommer en geleenthede soos in paragraaf 4 en 5 genoem, aan te spreek.

8.1 Die model sou in konsep ‘n onderskeid maak tussen

8.1.1 Aanvanklike teologiese opleiding aan een van die drie fakulteite (B-graad van 4 jaar).

8.1.2 Kerk-eie opleiding vir gemeentebediening aan ‘n eie Seminarium (geakkrediteer by fakulteit(e)). M Graad

8.1.3 Verdere Teologiese opleiding, M en D grade aan Teologiese Fakulteite.

8.2 Die model sou meebring dat al ons huidige dosente in hul poste aanbly by die onderskeie fakulteite maar wel genooi kan word vir klasse by die Seminarium. Dit veronderstel ook dat 6 x dosente vir kerk-eie opleiding gesentreer sal kan word om gesamentlik vanuit die Seminarium te kan werk. Hier sou dan ook (soos ’n MBA model van opleiding) kundiges vanuit die praktyk betrek kan word t.o.v. praktiese opleiding.

8.3 Die Seminarium word/bly geakkrediteer aan Universiteit(e) t.o.v. toekenning van grade en toegang tot biblioteke.

8.4 Studente kan op enige stadium na die verkryging van teologiese kwalifikasies aanmeld vir kerk-eie opleiding en ook na die anderkant na kerk-eie opleiding vir verdere teologiese kwalifikasies terugkeer na ‘n fakulteit.

9. Voor en nadele van opsies

9.1 Opsie 1: Status Quo

9.1.1 Voordele

9.1.1.1 Ons is bekend met die model en die uitvoering en implikasies daarvan. Die kans op ontnugterende verrassings is klein.

9.1.1.2 Die ekumeniese, sosiale en wetenskaplike kruisbestuiwing van teologie as deel van universitêre opleiding word behou.

9.1.1.3 Die NG Kerk behou die geleentheid om ‘n (gereformeerde) invloed op ander kerke, teologiese rigtings en ook op die wetenskap in die algemeen uit te oefen.

9.1.1.4 Die algemene mens-vorming wat in en deur ’n instelling soos ’n universiteit plaasvind, word vir die vorming van teologiese studente behou.

9.1.1.5 Daar vind nie Teologiese isolasie en verlaging van akademiese standaarde plaas nie.

9.1.1.6 Die finansiële druk op die kerk is dalk minder.

9.1.1.7 Die kerk en studente trek voordeel uit die bestaande akademiese status van die teologiese fakulteite aan die drie Universiteite.

9.1.1.8 Ons behou ons “gereformeerde” tradisie van universiteits-opleiding.

9.1.2 Nadele

9.1.2.1 Die kerk en studente is deels uitgelewer aan oorhoofse bestuursbesluite van universiteite, onder meer waarmee dosente hulle besig behoort te hou (dus wat vir die universiteit tel). Ons het nie alleenreg op die insette en curricula van die opleiding nie

9.1.2.2 Die NG Kerk se teologiese opleiding het nie meer noodwendig ’n gereformeerde grondslag nie

9.1.2.3 NG Kerk dosente se aanstelling deur die verskillende Universiteite kan dalk in die toekoms nie meer gewaarborg word nie. (by UP is van die poste tans nog verskans).

9.1.2.4 Daar bestaan die risiko dat ‘n universiteit (of die kerk) die ooreenkoms oor die aanstelling en befondsing van NGK-dosente kan opskort.

9.1.2.5 Beperkte geleenthede vir voorbereiding met die oog op die bedienings-praktyk van die NGK.

9.1.2.;6 Studente word te vroeg al ingelyf in kerk-eie opleiding sonder voldoende akademiese agtergrond.

9.2 Opsie 2. Eie Seminarium

9.2.1 Voordele

9.2.1.1 Dit gee aan die teologiese opleiding van die kerk ’n eie indentiteit. Die Etos van die kerk kan verseker word.

9.2.1.2 Dit gee aan die opleiding ’n Gereformeerde grondslag.

9.2.1.3 Dit gee die kerk die geleentheid om sy eie leerkragte aan te stel.

9.2.1.4 Die belange van die kerk staan voorop.

9.2.1.5 Dit gee die kerk die geleentheid om, deur die kuratorium, ten volle self in beheer van sy predikante opleiding te wees. Dit kan ook deurlopend aangepas word soos wat bedieningsbehoeftes en omstandighede verander.

9.2.2 Nadele

9.2.2.1 Die model isoleer dalk die kerk en algemene teologiese- en wetenskapopleiding van mekaar.

9.2.2.2 Dit ontneem die studente die algemene mens-vorming van ’n universiteit.

9.2.2.3 Die koste-implikasie sal verreken moet word t.o.v. salaris van dosente, geleenthede vir dosente (bv. kongresbywoning), biblioteekaankope en –lisensies, die oprigting van eie of gebruik van ander instansie se geriewe, ens. Die koste van ‘n volledige eie seminarium sal aansienlik duurder wees as die status quo.

9.2.2.4 Dit ontneem studente dalk die toegang tot universiteitsbiblioteke (indien die Seminarium nie ge-akkrediteer is by ‘n bestaande universiteit nie).

9.2.2.5 Dit bring dalk ekumeniese afstand met ander kerke en studente.

9.1.2.6 Dit sal ’n uitdaging van volhoubaarheid skep met die afnemende getalle van NG lidmate en gemeentes.

9.1.2.7 Dit verbreek bande en vennootskappe met susterskerke en ander vennote.

9.2 Opsie 3. Gekombineerde (Hubris) model

9.3.1 Voordele. (Kombinasie van voordele van opsie een en twee plus)

9.3.1.1 Ruim blootstelling aan verskillende denominasies (eerste jare van studie) én aan dosente en studente met ‘n NGK-agtergrond (laaste jare van studie)

9.3.1.2 Moontlike bekommernis oor die tipe teologie waaraan studente blootgestel word, word aangespreek (ten minste in die fase waarvoor die NGK verantwoordelikheid neem).

9.3.1.3 Meer aandag kan gegee word aan toerusting vir al die uitdagings van die bediening.

9.3.1.4 Ruimte kan geskep word vir ‘n keuringsproses van studente ná die aanvanklike universiteits-gedeelte van die opleiding.

9.3.1.5 Afgesien van permanente dosente kan dosente na behoefte vir spesifieke take gekontrakteer word, insluitende huidige predikante en ander (bv. afgetrede) dosente (MBA model om kundiges uit die veld te kry).

9.3.1.6 Bekostigbaar t.o.v. dosente wat reeds kerk-eie opleiding hanteer (6 x poste). (Let daar op dat van die dosente ook gemoeid is met die breër kerk-eie vorming van predikante).

9.3.1.7 Huidige dosente van die NG Kerk bly steeds in hul poste as deel van die akademiese personeel van die onderskeie fakulteite.

9.3.1.2 Die Seminarium bied die moontlikheid om nie net leraars op te lei vir die kerk nie, maar ook ander “nie-predikant” werkkragte.

9.3.1.8 Gee die kerk die geleentheid om meer volwasse studente te kan keur vir die bediening voor toelating tot Seminarium.

9.3.1.9 Alhoewel daar na ‘n fasiliteit gekyk moet word vir Seminarium, sou die Kerk dalk haar eie fasiliteit by die Hugenote Kollege (of Stellenbosch?) kan benut.

9.3.1.10 Studente kan steeds verder studeer aan Teologiese Fakulteite by Universiteite ten einde hul verder teologies te kwalifiseer.

9.3.1.11 Die etos van die NG Kerk kan tussen al die studente gelykluidend bevestig/verseker word.

9.2.2 Nadele

9.3.2.1 Teologiese fakulteite “verloor” senior NG kerk studente.

9.3.2.2 Ons ontneem studente die geleentheid om verder aan die groter kampus-aktiwiteite deel te neem.

9.3.2.3 Onsekerheid of ons teologiese opleiding op ‘n verdere vlak steeds met die wêreldwye akademiese standaard kan kompeteer en ‘n positiewe bydra hierin kan lewer.

10 **Verdere besinning.** Die volgende faktore sal in voortgaande ondersoeke verreken moet word (veral as Opsie drie as model aanvaar word).

10.1 Inhoudelike van die opleiding.

10.2 Die versekering van ons missionale- en profetiese roeping.

10.3 Word die voorgraadse kwalifikasie van enige universiteit aanvaar, of slegs dié van die bestaande drie fakulteite in Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch.

10.4 Sal keuring van studente plaasvind slegs voordat hulle met die kerk-eie kwalifikasie begin?

10.5 Op watter vlak is die kerk-eie kwalifikasie? ‘n Meestersgraad? Watter tipe Meestersgraad? Gee hierdie Meestersgraad toegang tot ‘n doktorsgraad?

10.6 Sal Godsdienswetenskap op hierdie vlak (moontlik Meestersgraad-vlak) ‘n opsie wees?

10.7 In watter tale sal die programme aangebied word?

10.8 Kan studente van ander denominasies wat graag hierdie fase saam met NGK-studente wil meemaak, dit doen?

10.9 Die opsies van gelokaliseerde, gedesentraliseerde of afstandsonderrig.

10.10 Die implikasies (indien enige) vir ons vennote van ander kerke by die bestaande fakulteite indien ons vir opsie drie gaan.

10.11 Wat gebeur met die bestaande Teologiese Akademiese Tydskrifte, wat tans op ‘n internasionale standaard is en die geleenthede vir ons studente en predikante om daarin te kan publiseer?

11. Aanbeveling(s). Die taakspan sou graag die volgende aan die Moderatuur en SDR wil voorhou:

11.1 Dat t.w.v. die dringendheid van die saak die Moderatuur bogenoemde hanteer om dit op die agenda van die eerskomende Algemene Sinode te kry.

11.2 Dat ons die opsie van ‘n Hibride Model ondersteun en dat die moontlikheid daarvan verder deeglik ondersoek moet word as ‘n voorkeur-opsie deur die Algemene Sinode of haar gevolmagtigde Taakspan (Die Algemene Kuratorium?).

11.3 Dat die Moderatuur hul werkswyse aan die SDR voorhou en dat die saak dan in ons eie Sinode as afgehandel beskou word.

11.4 Indien die Moderatuur die saak nie op hul tafel wil neem nie maar wel na die SDR vir afhandeling wil verwys, sou ons aan die SDR wou aanbeveel dat 11.2 as opsie aan die Algemene Kuratorium voorgelê word vir handeling en moontlike verslag aan Algemene Sinode van 2023.

12. Slotwoord. Die taakspan beskou sy taak hiermee as afgehandel. Ons is dankbaar vir die geleentheid om hieroor te kon besin en die Sinode met ‘n aanbeveling te kon bedien. Ons vertrou dat die gesprek wat hiermee begin is, vorentoe sal bydra tot die beste model vir die voorbereiding van ons bedienaars van die woord en tot heil van die kerk.

Soli Deo Gloria!

Taakspan vir Teologiese Opleiding